DIE BURGER
7 Oktober 2014





**Sy skerm nog net tien maande, maar die afgelope naweek het Isabella Finestone 'n silwermedalje losgeslaan by die SA junior kampioenskappe in Pretoria.** Foto: WERNER HILLS

# Silwer in skerm vir flink Isabella

Alet Joubert

PORT ELIZABETH. – Hul sportaangees is in Pretoria deur almal by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe uitgesonder en nou word groot dinge verwag van die Oos-Kaapse junior skermers.

Van die 15 afgevaardigdes van die Excelsior EC-skermklub en die Nemato-skermklub in Port Alfred het talle vanjaar vir die eerste keer 'n degen (ook bekend as die épée) opgeneem. Een van hulle, Isabella Finestone, was só flink van voet en hand dat sy 'n silwermedalje verower het.

"Isabella is maar 14 jaar oud en is 'n nuweling. Haar medalje vir o.15 in die degen was een van die groot verrassings," het Jessica Raper, haar afrigter, gister aan *Die Burger* gesê.

Isabella, 'n leerder aan die Hoërskool Pearson, het gister met vakansie na Jeffreysbaai vertrek, maar gou haar skermdrag en medalje vir *Die Burger* kom wys.

"Dis 'n redelik moeilike sport, want jy moet fyn let op tegniek en dink aan jou opponent se moontlike volgende beweging."

Dié jong medaljewenner speel ook tennis vir haar skool, swem en dans. Dit help haar met die veeleisende strekbewegings in skerm, het sy vertel.

Isabella word afgerig deur Raper, 'n voormalige Springbok in die moderne vyfkamp waarvan skerm een van die afdelings is.

Raper en haar seun, John-Paul Raper, wat sy Proteakleure in moderne vyfkamp behaal het en die eerste nasionale skeidsregter in skerm uit die Oos-Kaap is, is verbonde aan die Excelsior-klub.

## Ander presteerders in die span

- **Kris Lynch**, 'n 18-jarige eerstejaarmusiekstudent aan die NMMU wat ook vanjaar begin skerm en 'n algeheel 7de plek behaal het vir mans o.20.
- **Kristin Lasevicious**, spankaptein en 'n matriekleerder aan Alexander Road High School – eindig in die algeheel 11de plek vir mans o.20.
- **Arno Swart** (gr. 11) aan die Hoërskool Framesby – algeheel 13de plek vir mans o.20.
- **Chad Putman**(18), matriekleerder aan die Hoërskool Pearson – algehele 16de plek.
- **Kyle de Lange** (13) – algeheel 11de plek vir seuns o.15.
- **Shani Smit** (16), Hoërskool Framesby en spankaptein van die vrouedeelnemers – algeheel 17de plek vir vroue o.20.
- **Jane Kirk** (17), gr. 11-leerder aan Theodore Herzl – algeheel 16de vir vroue o.20.
- **Stefanie Olivier** (14), gr. 10-leerder aan die Hoërskool Framesby – 7de in die o.17-afdeling.